**Donderdag 5 Maart**
**18:00 WÊRELDBIDDAG VIR VROUE EN MANS**
Almal word hartlik uitgenooi na die Wêreldbiddag vir mans en vroue. Die gesamentlike biddag vind op 5 Maart om 18:00 vir 18:30 by Sherwood Gemeente plaas. Die spreker is Jaco Strydom van Echo Jeugontwikkeling en die tema is "I will give you rest: Come!" Toegang is gratis. Moenie hierdie geleentheid misloop nie.

**Vrydag 6 Maart**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**18:00 STUDENTE EN MATRIEKS SAAMKUIER GELEENTEID**
Ons gemeente, bied saam met Sherwood en Lorraine Gemeente tweeweekliks 'n kuier geleentheid aan vir studente en matrieks. Kom kuier gerus saam vir hierdie geleentheid wat ons as gemeente aanbied. Vir meer inligting kontak Ds. Toit

**Sondag 8 MAART**
**Vierde Lydensweek**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**18:00 LEEF@KERK** ('n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**GEBEDSAKE:**
- Geestelike groei en toewyding oor lydenstyd.
- Barbara Ott is oorlede. Bid vir haar familie.
- 'n Oplossing vir die bek-en-klouseer krisis in ons land. Dankie vir eerste groot besending entstof wat aangekom het.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. 'n Oplossing vir die chaos in Iran en spanning in die Midde-Ooste.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
**Gebed**: Kom ons bid saam en vir ons wêreldwye familie hierdie week.
**Lof:** Eer God vir gelowiges in Gaza se geloof. Loof Hom dat Sy lig die helderste skyn in die diepste donkertes. Loof Hom vir hulle toewyding, hulle liefde vir mekaar en hulle onwrikbare getuienis.
**Voorbidding:** Bid vir volgehoue geestelike en fisiese beskerming. Bid dat 'n gereelde vloei van humanitêre hulp hulle sal bereik. Bid vir wysheid vir kerkleiers wat daagliks onmoontlike besluite moet neem. Bid vir vrede en 'n regverdige langtermynoplossing. En asseblief, bid spesifiek vir die veiligheid en bemoediging van geheime gelowiges en bekeerlinge in Gaza.
**Persoonlike Gebed:** "Here, breek ons harte vir dit wat ook U hart breek. Gee vir ons dieselfde radikale, vrygewige liefde wat die kerk in Gaza vir ons uitbeeld. Wys vir ons hoe om U hande en voete te wees om hulle te ondersteun, of dit nou deur gebed, donasies of pleitbesorging is. Help ons om die vryheid van aanbidding te koester en nie as vanselfsprekend te aanvaar nie."

**FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK**
Svitlana, 'n luisteraar in Oekraïne, het onlangs die betekenis van "Immanuel" – God met ons – ervaar terwyl sy reggemaak het vir werk**. "Een van julle video's het [op Instagram] verskyn en ek het besluit om te luister... Ek kan dit nie eintlik verduidelik nie, maar ek het meteens gevoel asof ek deur liefde omhul is – asof God self net daar by my is. Ek is nie godsdienstig nie, maar wat ek gehoor het, het my diep geraak. Kan God so werklik wees?"** Bid dat luisteraars soos Svitlana hul geloof in Jesus sal plaas, en bid vir vrede in Oekraïne.

**KAMMAKLETS 2026**
Het jy dit geniet om een van die vier kammaklets uitgawes in 2025 te lees? Sou jy dalk wou deelneem om 2026 se uitgawes nog beter te maak? Ons benodig skrywers. Kontak gerus Ds. Toit indien jy aan hierdie opwindende projek wil deelneem. Deur die vertel van stories versprei ons hoop en stuur ons God se getuienis die wêreld in.

